# HOOFSTUK V.

## DIE LEERSTOF.

### 1. INLEIDING.

(i) Deur die eeue heen het opvoeders hulle baie min oor die kindernatuur, die kindersiel en die kindergedagtewêreld bekommer. Volwassenes het sekere pligte te vervul, moet sekere dinge weet en alle onderwys het daarop afgestuur. Nie wat die kind kan leer en weet op elke graad van sy ontwikkeling nie, maar wat hy moet weet, was die groot vraag. Die oog is steeds op die leerstof gevestig gehou en nie op die leerling nie (1).

(ii) Rousseau, Pestalozzi, Herbart en Froebel leer die skoolmeesters en ander opvoeders dat dit noodsaaklik is dat die opvoeder die kind wat hy wil opvoed en sy manier van denk sal verstaan en ken net soos wat hy die leerstof wat hy die kind moet leer, sal verstaan. Dat so 'n beskouing by 'n eksamenstelsel soos daar vandag is, nie in die praktyk kan gebring word nie, weet elkeen wat met die stelsel in aanraking gewees het (2).

(iii) Onderwysmense verstaan vandag meer van die puberteitsperiode, sy moeilikhede en vraagstukke. Die wagwoorde van die nuwe ontwaking was die behoeftes, die belangstelling, die neigings, die selfekspressie, die selfwerksaamheid van die kind (3). Waar daar vroeër soveel- volgens die

(1) Die Unie 1/3/17 bls. 694. Artikel van Cilliê.

(2) Ibid.

(3) Coetzee, J.C. : Die moderne Opvoeding bls. 26.

nuwe opvoeders veel nadruk op kennis en die aanleer van feite gelê is, val die klem vandag op ideale, gesindhede, karaktervorming en verstandsontwikkeling (1).

2. LEERSTOF EN KARAKTER.

(i) Volgens Cilliė onderrig die opvoeder sekere vakke maar die vraag is hoeveel karakter deur die onderrig van die vakke gekweek word. Die onderwyser moet in staat wees om die leerstof so mee te deel dat hy terselfdertyd karakter ontwikkel (2). Daar moet 'n verband tussen die vakke en die doel wat beoog word, nl. karaktervorming, wees (3).

(ii) Herbart het die vakke in sogenaamde etiese vakke (Geisteswissenschaften), letterkunde, godsdiens, geskiedenis en natuurwetenskappe verdeel (4). Eersgenoemde bring die opvoeder in aanraking met die mens in sy doen en dink en laasgenoemde met die natuur en sy wette en hoe die wette werk (5).

As karakterontwikkeling die doel is, is die vraag of die nadruk op die geestes- of natuurwetenskappe moet gelê word. Die twee word nog somtyds sterk met mekaar gekontrasteer.

(iii) In die lang verlede is letterkunde deur Sjinese gebruik om karakter op te voed. Die Grieke en Romeine het die nadruk op die lettere gelê. Later van jare is die Humanistiese wetenskappe, soos letterkunde, geskiedenis, godsdiens benadruk (6).

(1) Die Unie 1/7/32 bls. 2. Artikel van Cilliė.
Finney, R.L. : A Sociological Philosophy of Education bls. 132-148.
Kilpatrick, W. : Education for a changing Civilization bls. 52-53.
(2) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.
(3) Die Unie 12/6/21 bls. 36. Artikel van Cilliė.
(4) " " 1/8/33 bls. 36. " " "
(5) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.
(6) Die Unie 1/8/33 bls. 36. Artikel van Cilliė.

(iv) Gedurende die oorlog het verskillende lande op natuurwetenskappe gekonsentreer. Dit is nie die natuurwetenskappe wat die oorhand gekry het nie maar die beklemtoning van die menslike sy van die opvoeding en minder die tegniese meganiese sy. Dit is moeilik om te bepaal watter van die twee mees fundamenteel is, die mens of die natuur met betrekking tot die mens. Altwee is absoluut noodsaaklik. Hoe meer die mens van altwee weet, hoe meer kan hy in sy etiese en kulturele lewe ontwikkel. Herbart het die etiese vakke vir karaktervorming beklemtoon maar die vraag is of die letterkundige mense nou minder beskaafd as die ander is (1).

Hoewel die opvoeder geen rede het om een voor die ander te trek nie, moet die middelpunt van alle onderwys die mens wees; die mens is die maatstaf van alles. Wat die opvoeder nie in direkte verbinding met die mens kan bring nie, het vir hom geen betekenis nie. As die natuurwetenskap in die regte gesindheid geleer word, kan dit net soveel invloed op karaktervorming hê as die humanistiese vakke (2).

Alles hang van die gesindheid af en dit weer van die persoonlikheid van die onderwyser. Die opvoeder moet met entoesiasme die leerstof aan die opvoedeling meedeel (3).

(1) Loubser, J.S.:Notas van Cilliė 1921.

(2) Welton, J. : What do we means by Education? bls. 94-95.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(3) Die Unie 12/6/21 bls. 338. Artikel van Cilliė.

Die keuse van die onderwerpe kom weinig daarop aan as die onderwyser karaktervorming in die oog hou. By die keuse kyk hy eerste na sedelike vorming en vakkeuse is heeltemal 'n bysaak. Skeikunde kan soms van meer vormende waarde as Godsdiens wees. Die spotter van vaderlandse geskiedenis mag nie geskiedenis doseer nie en so kan die spotter van Skeikunde ook nie skeikunde onderrig nie. Die slegte meester kan van die beste vak 'n mislukking maak. Dit sit nie in die vak self nie, dit is die houding wat die opvoeder teenoor die vak inneem (1).

(v) Nadat die mens hom 'n ideaal voorgestel het, moet hy 'n uitgangspunt hê. Herbart het gesê dat geskiedenis, literatuur en Godsdiens die sogenaamde kern moet wees, d.w.s. die etiese vakke (Geisteswissenschaften). Ander opvoedkundiges het gesê letterkunde en ander weer aardrykskunde. Die Amerikaanse geleerde, Dewey, het gesê dat die natuur as uitgangspunt moet geneem word. Die indiwidu gaan deur dieselfde trappe as wat die nasie gegaan het, derhalwe moet die mens ook so opgevoed word. Die natuur moet dus die uitgangspunt wees, want mense het eerste met die natuur in aanraking gekom, word beweer. Die Amerikaners praat van „social efficiency"; Die Engelse van ekonomiese opbou; die Duitsers van politieke opbou en Suid-Afrika se wagwoord vandag is, heropbou. Daar is waarheid in almal. Dit hang net daarvan af waarop nadruk gelê word (2).

(1) Die Unie 1/8/33 bls. 36. Artikel van Cilliê.
" " 1/2/34 bls. 249. " " "

(2) Loubser : Notas van Cilliê 1921.

Die onderwyser leer aan die kind Geskiedenis. Hy doen kennis op en op 'n vir die opvoeder onverklaarbare en geheimsinnige , onverstaanbare wyse word sy karakter gevorm. Herbart het geleer dat van „opvoedende onderrig" gepraat moet word. Die idee is dat die onderwyser die leervakke, die manier van leer moet gebruik om die karakter op te bou (1).

(vi) Die moderne pedagoog sê dat Herbart sy pedagogiek op 'n verkeerde sielkunde gebaseer het en derhalwe verkeerd was. As die opvoeder karakter wil opvoed, en dit is en bly die hoofgedagte by alle opvoedings- en onderwyswerk, moet hy dit direk doen. Waar vroeër die leervakke, die intellek, die kennis hoofsaak en die leer hoe om te lewe bysaak was, word dit nou net omgedraai. In die nuwe opvoeding, as daar werklik van 'n nuwe opvoeding kan gepraat word, val die nadruk op die vraag hoe die onderwyser die kind leer lewe. As hy die kind, bv. aardrykskunde leer en hy leer nie as gevolg van sy kennis van aardrykskunde, om beter te lewe nie, het aardrykskunde vir hom geen waarde nie. Nie kennis uit boeke nie, maar die kuns om reg te lewe, is hoofsaak (2).

Om reg te leer lewe is gesondheidsleer, liggaamsoefeninge, kennis van die natuur, huishoudkunde en allerlei ander aktiwiteite buite die skool, soos debatsverenigings, sport en

(1) Die Unie van 1/8/33 bls. 36 en 1/2/34 bls. 249. Artikels van Cillie.

(2) Ibid.

dramatiese opvoeringe veel beter as rekenkunde, grammatika en geskiedenis (1).

## 3. LEERSTOF EN GEMOED.

Die rede waarom die nadruk in die afgelope paar dekades so sterk op die opvoeding van die gemoed geval het, is volgens die mening van sommige dat dit eenvoudig 'n reaksie teen die oordrewe intellektualisme van die neentiende eeu is, wie se leuse was: „Ons weet, ons moet en ons sal weet." Ander weer is die mening toegedaan dat dit die algemene wêreldgebeurtenisse is wat die reaksie teweeggebring het (2).

Veral Amerikaanse opvoedkundiges het die verwildering wat gedurende en na die eerste Wêreldoorlog onder die jeug van die Verenigde State onstaan het, daaraan toegeskrywe dat daar in hul skole nie genoegsaam aandag aan die opvoeding van emosies gegee word nie (3).

Cilliè beweer dat die intensiewe inskerping van vaderlandsliefde, nasietrots- chauvinisme as u wil -.sy weerklank in ander lande gevind het. Dit ly geen twyfel nie dat daar 'n ommeswaai ten gunste van karaktervorming of karakteropvoeding in die teorie of filosofie van die onderwys, ten gunste van die vorming van 'n geïntegreerde persoonlikheid, gekom het. Die beste manier van die saak te nader, is om te sê dat onderwys hom meer bepaald tot die verstand van die leerling wend en hoofsaaklik kennis, weet en verstandsontwikkeling

(1) Die Unie 1/2/34 bls. 249. Artikel van Cilliè.
(2) " " 1/3/44 bls. 174. " " "
(3) Ibid.

beoog en opvoeding tot die gevoelslewe, die gemoed, die emosies en die resultaat wat hy verwag, die regte, gangbare, goeie gedrag en gesindheid is (1).

Met die onderwys wil die opvoeder meer bepaald die leerling help om kennis op te doen en sy verstand te ontwikkel. Met opvoeding wil hy hom meer spesifiek help om sy gemoed te ontwikkel, balans aan sy gemoedslewe te gee maar kennis bly die grondslag. By die aanwerf van die regte soort kennis om die gemoed, die karakter te ontwikkel, moet die opvoeder versigtig wees watter leerstof die kind aangebied word (2).

4. ESSENSIËLE OF NIE-ESSENSIËLE LEERVAKKE.

Die onderwyser van die ou skool- en hy is gladnie so 'n onding as die nuwe pedagoë soms wil uitmaak nie - is van mening dat die meeste aandag nog aan die onontbeerlikhede (essensiële) moet gegee word en dat met al die verryking van die leerplan dit nie meer moontlik is om die fondamente in hierdie leervakke so stewig en heg te lê nie. Die nuwe onderwyser wat ook reg van bestaan het en lewe in die onderwysbrouery gebring het, is weer van oordeel dat al die feiteleerdery nie so 'n groot waarde besit nie, want die kinders vergeet dit tog weer. Hy beweer derhalwe dat die sogenaamde ontbeerlikhede (nie-essensiële) maar liewer moet beklemtoon word omdat hierdie dinge vir die leerlinge aangenamer is, hul lewe voller, ryker, beter en meer karaktervol maak, ook nadat die skooldae agter die rug is (3). Veral is dit vandag nodig waar die mense oor die algemeen soveel meer vryetyd tot hulle beskikking het. Die aantal

(1) Die Unie 1/3/44 bls. 174. Artikel van Cilliè.

(2) Die Unie 1/3/44 bls. 174. Artikel van Cilliè.
Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(3) Unie 1/5/32 bls. 314. Artikel van Cilliè.
Ligthart, Jan : Jeugdherinneringen bls. 21-22.

mense wat in hul vryetyd, nadat hulle die skool verlaat, nog aardrykskundige kaarte sal teken, of jaartalle in die geskiedenis van buite sal leer, of diktees sal skrywe, is seker nie aansienlik nie. As sodanige mense op die skool geleer het om, bv. te sing, om belang te stel in goeie literatuur, sal dit in die vryetyd hulle goed te pas kom (1).

As opvoeders hierdie twee soorte onderwyssake met mekaar bespreek, wil dit soms lyk asof hulle hemelsbreed van mekaar verskil. Dit is maar net 'n verskil van nadruk. Die onontbeerlikhede moet aandag kry. Deeglikheid, akkuraatheid, feitekennis, dissipline het nog net soveel waarde as voorheen (2). Daar sit 'n baie dieper betekenis agter hierdie nadruk wat op die nie-essensiële leervakke gelê is, van die dae af dat Plato van die aristokrasie van die brein gepraat het en soveel nadruk op kennis, die verstand, die intellektuele ontwikkeling gelê het (3).

Teenswoordig het die intelligensie-toetse hierdie intellektualisme nog verskerp (4).

Die opstellers van 'n leerplan moet duidelikheid hê of hulle die nadruk op die essensiële of nie-essensiële leervakke gaan laat val. Volgens Cilliè se mening kom die geskil tussen die primêre en sekondêre skool daarvandaan dat die primêre skool gedurende die afgelope jare meer nadruk op die sogenaamde

(1) Die Unie 1/5/33 bls. 422. Artikel van Cilliè.

(2) Die Unie 1/7/32 bls. 2. " " "

(3) Sandifort, P. : Educational Psychology bls. 278.
Cubberley, E.P. : The History of Education bls. 87.
Die Unie 1/8/33 bls. 36. Artikel van Cilliè.

(4) Die Unie 1/8/33 bls. 36. Die Unie 1/2/34 bls. 249. Artikels van Cilliè.

nie-essensiële vakke gelê het en baie meer tyd daarvoor afgestaan het, met die gevolg dat die essensiële vakke in mindere of meerdere mate in die gedrang gekom het. Die sekondêre skool aan die ander kant, met die oog op die Eindeksamen gerig, beklemtoon nog steeds die intellektuele sy van die onderwys. Met die verandering van klem het die primêre skool ongetwyfeld nader aan die lewe gekom en het die skool vir die leerlinge baie aangenamer en plesieriger geword. Die kind het ook waarskynlik breër ontwikkel, maar die sogenaamde essensiële vakke, soos die twee landstale, rekenkunde, aardrykskunde en geskiedenis moes daaronder ly. Die hoërskool wil hierdie vakke beklemtoon sien, want sy doeltreffendheid word gemeet aan die prestasies van sy leerlinge in die soort werk en nie of hulle kan sing of kunssmaak ontwikkel het nie. As die sekondêre skool die voorbeeld van die primêre skool gaan volg, hoe sou hulle dan nie met die universiteit bots nie (1).

Die nie-essensiële leervakke, nl. teken, sang, houtwerk, naaldwerk, leerwerk, metaalwerk, liggaamsoefeninge, gesondheidsleer, natuurstudie, huishoudkunde, landbou en godsdiens onderrig beskou sommige opvoeders as essensieel en ander as nie-essensieel. Anders beskou weer natuurstudie, liggaamsoefeninge en handwerk as essensieel en meer essensieel as geskiedenis en aardrykskunde. Vakke wat meestal weggelaat word, as die leerplan oorlaai is, is sang, gesondheidsleer en liggaamsoefeninge maar die 3R's en aardrykskunde en geskiedenis word meesal behou.

(1) Die Unie 1/5/43 bls. 246. Artikel van Cilliè.
Die Kerkbode 27/3/18 bls. 608. " " "

Die nie-essensiële leervakke het op die voorgrond gekom omdat geleerdes beweer het dat dit die funksie van die skool is om kinders die dinge te leer, wat hulle onder gewone omstandighede nêrens anders leer nie. In baie ontwikkelde huisgesinne leer die ouers die kinders die gesondheidsreëls, liggaamsoefening, handwerk, huishouding, waar hulle nooit sal droom om hulle kinders te leer lees, skrywe en reken nie (1).

## 4. LEERPLANVEREISTES.

By die opstel van 'n leerplan vir die primêre skool moet daar met

(a) die tradisie van die vakke rekening gehou word: Baie van die onderwerpe op die leerplan is daar vanweë hul hoë ouderdom, andere vanweë hul tradisie (2).

(b) Daar moet rekening gehou word met die kultuur van die volk, d.w.s. die leervakke moet so gekies word dat kinders beskaafd raak deur hulle te leer.

(c) Die vakke moet die ontwikkeling van die verstand en karaktervorming beoog (3).

(d) Die leerplan moet uit 'n nuttigheidsoogpunt opgestel word, d.w.s. die kind moet, wanneer hy die leerstof bemeester het, in staat wees om een of ander beroep te kan kies, 'n nuttige burger te kan wees. Die vakke moet prakties wees.

(e) Die leerstof moet hom rig en aanpas by die trap van ontwikkeling, aanleg, behoeftes, belangstelling en die vatbaarheid van die kindersiel (4).

(1) Die Unie 1/8/33 bls. 36 en 1/2/34 bls. 249. Artikels van Cilliè.

(2) Die Burger 19/4/18 en Die Unie 1/3/26 bls. 240. Artikels van Cilliè.

(3) Die Unie 1/4/39 bls. 306. Artikel van Cilliè.

(4) Die Unie 1/3/26 bls. 240. Die Burger 19/4/18. " " "

(f) Sommige vakke moet vir hul ornamentele waarde gekies word. 'n Mens leer sommige onderwerpe eenvoudig om daarmee te pronk.

(g) By die keuse van die vakke moet met die idee van vormende waarde rekening gehou word. Die opvoedeling leer, bv. Latyn, want dit help hom in sy studie van Engels en Frans (1).

(h) Die leerplan behoort na die eise van die volk en na die eise van die tyd te wees (2).

(i) Die opstellers van 'n leerplan moet duidelikheid hê of dit moet opgestel word op die beginsel van "multum sed non multa," d.w.s. min dinge maar deeglik. Dit sal goed wees as 'n leerplan opgestel word, dat daarin ruimte vir geleerdheid sal wees, dat die leerlinge iets „ken" en nie net „weet" nie (3).

6. DIE EISE VIR LEERSTOFKEUSE (4).

(a) Primêr.

(i) Die opvoeder moet uitgaan van die beginsel dat die kind wat opgevoed moet word, karakter sal besit. As die onderwyser gevra sou word wat die verband tussen die studie van skeikunde bv. of matesis of geografie en karaktervorming is, sal hy dit moeilik vind om die samehang duidelik te maak. Een ding staan vas, nl. dat die persoon wat deur die skool studeer het, in die reël 'n ander en

(1) Die Unie 1/4/39 bls. 306. Artikels van Cilliè.
Die Burger 9/5/18.

(2) Die Unie Jan.-Febr. 1908 bls. 236.
Die Burger 25/4/18. Artikels van Cilliè.

(3) Die Unie 1/5/43 bls. 246. Die Kerkbode 27/6/18
bls. 608. Artikels van Cillie.

(4) Spencer, H. : Essays on Education bls. 18-42.
Die Unie 1/3/26 bls. 240. Artikel van Cilliè.

beter soort verstand het as die een wat die voorreg nie gehad het nie; selfs ook daar die sogenaamde leervakke soos Latyn, matesis, e.a. sogenaamde droë onpraktiese onderwerpe op die mense wat dit leer, 'n beskawende invloed het (1).

(ii) As die opvoeder die mens nie net sedelik nie maar ook ekonomies wil opvoed, sodat hy vir homself kan sorg en kan produseer, moet hy hom leer skrywe, lees en reken. Dit is instrumentale leervakke en gee aan die leerlinge slegs die gereedskap om verder te gaan werk (2). Om praktiese, ekonomiese, kulturele redes moet 'n mens lees. Hy wil ook toegang tot die letterkunde van die nasie hê. Hy moet sy gedagtes en idees met woorde fikseer; die regte betekenis aan die woord heg; die gedagtes in goeie taal helder uitdruk (3). Die manier waarop tale in die skool geleer word, is in die meerderheid van gevalle nie sodat leeslus opgewek word nie (4).

(iii) Die vraag is of die twee tale in Suid-Afrika verpligtend gemaak moet word. Sommige beweer dat dit tot karakterloosheid lei omdat die kind geneig is om die twee tale deurmekaar te gebruik. Tweetaligheid laat die kind in woorde dink en nie in begrippe nie. Daar word beweer dat daar nie sedelike waarde in twee tale is nie; die man wat twee tale ken, staan nie sedelik hoër as ander wat eentalig is nie. Van die grootste geeste was

(1) Die Unie 1/3/26 bls. 240. Artikel van Cilliè.
(2) Die Unie 1/1/23 bls. 171. " " "
(3) Die Unie 1/1/23 bls. 171. " " "
(4) Loubser : Notas van Cilliè 1921.

eentalig. Die Elementêre skool moet die kind die tweede taal leer, sodat die kind nie by die ander burgers agter moet staan nie. Dit is van die grootste belang dat die kind een van die tale ken, as hy hom in ander vakke, soos rekenkunde, aardrykskunde ens. verder wil bekwaam (1).

(iv) Die idee dat rekenkunde vir formele vorming geskik is, is onsin. Rekenkunde is vir sy praktiese waarde geskik. Die kinders moet praktiese en nie fantastiese somme maak nie. Die rekenkunde moet gebaseer wees op dinge waarmee kinders elke dag in aanraking kom. Die voorbeelde moet konkreet wees; alles moet op die oomblik aktueel wees. Cilliè glo nie dat rekenkunde enige sedelike-godsdienstige waarde het nie (2).

(v) 'n Sekere hoeveelheid godsdiensonderwys is vroeër in alle skole in alle lande gegee, selfs in die skole van wit kaffers. Die inwyding is so 'n soort van godsdienstige seremonie (3). 'n Mens vind godsdiensonderwys in die Griekse geskiedenis. Luther het die Bybel vertaal en 'n katkisasieboek geskrywe en godsdiensonderwys is gegee. Die onderwys het deel geword van die program. Herbart het vasgestel dat daar grondonderwerpe, (Gesinnungsfächer), gemoedsvakke- „ethical subjects", sedelike vakke moet wees. Amerika se „core of central subjects"

(1) Die Unie 1/1/23 bls. 171, en Die Unie 1/7/26 bls. 2. Artikels van Cilliè. Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(2) Die Unie van 1/3/26 bls. 240 en 1/10/16 bls. 545. Artikels van Cillie.

(3) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

is letterkunde, geskiedenis en godsdiensonderwys. Sedert 1871 toe die Franse aan rekonstruksie gedink het, het hulle 'n skoolwet passeer wat bepaal het dat godsdiensonderwys nie op skole gegee mag word nie. In al die leerboeke wat die skool die kind aan die hand gee, moes die naam van die Opperwese uitgeskakel word. Die Moraliste beweer dat jeugdige misdadigers sedert 1862 as gevolg van laasgenoemde met 10% vermeerder het (1).

In Rusland is daar sedert 1882 ook geen godsdiensonderrig in die skole nie. In Amerika is daar geen godsdiensonderwys in die staatskole nie. Ernstige denkers in Amerika betreur laasgenoemde verskynsel. In sommige universiteite kan godsdiens as graad geneem word. In Engeland word godsdiensonderwys sterk beklemtoon. I.v.m. baie skole is daar „chapels." Die Engelse publieke skole gee die toon aan in onderwys. Al die hoofde van skole is gewoonlik „Reverend Gentlemen." (2).

In die Engelse „Public Schools" word daar na die ideaal van godsdiens, dissipline, kultuur, atletiek en diens gestrewe (3). In Holland is in 1857 die „Neutrale Skool" gestig maar hierteen het reaksie ingetree, sodat die beweging „Die Skool met die Bybel" ontstaan het.

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Ibid.

(3) Norwood, C. : The English Tradition of Education bls. 21, 61, 80, 95.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

Dr. Kuyper het die skole onder die staat gebring. In Duitsland was godsdiensonderwys tot voor die oorlog van 1918 een van die kenmerke van die skole. Na die Duitse Revolusie is godsdiensonderwys fakultatief gemaak. In Suid-Afrika was in die ou dae die hele onderwys op godsdiens gebaseer (1). As gevolg van die Godsdiensordonnansie van 1909 het godsdiensonderwys in Kaapland 'n skoolvak geword met voorbehoud van 'n gewetensklousule. Godsdiensonderwys op die skole is nie eintlik doeltreffend nie. Dit word behandel as wetensvak en nie as gewetensvak nie. Dit bewys dat die skool iets „in vacuo, in abstracto" is. Vakke wat nie 'n rol in die lewe gaan speel nie, het vir die mens nie veel betekenis nie (2).

Sommige se besware teen godsdiensonderwys is omdat dit 'n tradisie uit die middeleeue is; omdat dit die werk van die kerk en die huisgesin is; omdat die staat neutraal is, derhalwe moet alle staatsinrigtinge neutraal wees; die onderwysers is onbevoeg en onbekwaam om godsdiensonderrig te gee. Andere beweer dat sedeleer doeltreffender as godsdiensonderwys is (3).

Die voorstanders van godsdiensonderwys beweer dat die hele kind skool toe gestuur word om opgevoed te word; die kind moet hom by die fisiese, intellektuele en sedelike omgewing kan

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(2) Die Unie 1/1/23 bls. 171. Artikel van Cilliė.
Bavinck, H. : De Opvoeding der Rypere Jeugd Hoof. II.

(3) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

aanpas; die godsdienstige vorming is deel van die algemene opvoeding; die godsdienstige gewaarwordinge kan nie van die mens geskei word nie; die skool neem die kind so in beslag dat daar vir die huis en die kerk niks oorbly nie; moeders is dikwels werksters in fabrieke of elders, sodat die kinders na kinderhawens moet gaan; in die skool is alles wat op die kind inwerk doelbewus; in die skool is hy geïsoleer maar tuis speel die toeval 'n groot rol; die skool is die bemiddelaar van die ervaringe van die nasie en as die bemiddelaar weggeneem word, moet elke geslag van nuuts af bou, want dan word die verlede vergeet. Dit is die toestand van barbaarse nasies (1). Tot die ervaringe behoort ook die geskiedenis (2).

Cilliė wil weet of die skool godsdiensonderwys kan gee. Dit is wenslik, sê hy, dat die skool dit moet doen. As alles ideaal was, was die gee van godsdiensonderwys doodeenvoudig (3). Förster sê as die opvoeder iemand wil opvoed, moet sy eie siel goed wees, <u>dit is nie in die sin van bekering nie</u> (4). Volgens Cilliė moet die godsdiensonderwys wyding aan die opvoeder se skoolwerk gee. Die onderwyser wat dit doseer, moet so lewe dat sy gedrag 'n wet word of dat hy graag sal wil hê dat dit 'n wet word (5).

(1) Dewey, J. : Democracy and Education bls. 22-25.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(2) Hall, Stanley : Youth, its Education, Regimen and Hygiene bls. 8.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(3) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(4) Förster, F.W. : Karaktervorming bls. 3-4.

(5) Die Burger 16/11/18. Artikel van Cilliė.

Vervolgens stel Cilliė die vraag of godsdiensonderwys ondoeltreffend is omdat die onderwyser nie lesse in sedeleer gee nie. Volgens hom is sedelike onderwys sonder godsdiens en die Bybel as grondslag 'n mislukking. Daar is nog nie 'n hoër etiese beginsel as in die Bergpredikasie geformuleer nie. Sommige opvoedkundiges wil hê dat 'n rooster met sedelesse opgestel moet word maar andere wil dit nie in die leerplan opgeneem hê nie, want, sê hulle, 'n mens moet nooit aan kinders iets suggereer wat hulle nog nooit gedoen het nie, bv. in die geval van voorligting in seksuele vraagstukke. Wat vir die een nodig is, is nie vir 'n ander nodig nie. As die opvoeder voorligting hierin gee, moet dit indiwidueel wees; daar moet met die kind soos van mens tot mens gepraat word. Dit het meer invloed op karakter as 'n hele klomp sedepreke. Gespesifiseerde lesse in etika is dus onnodig in die elementêre skool. As daar iets voorkom en daar is 'n spesifieke geval, kan op die uitwerking daarvan gewys word. Die opvoeder moet lesse na aanleiding van konkrete gevalle gee. As daar abstrak gaan gepraat word, is dit nie van baie nut nie. Verstandige leiding en supervisie is binne en buite skool nodig (1).

Die moeilikheid in verband met Godsdiensonderwys is volgens Cilliė as volg:

Die skool is 'n staatsinstelling en die staat is, wat godsdiens betref, neutraal met die gevolg dat die skool ook neutraal moet wees. Die Roomse kerk het daarom sy eie skole om godsdiensonderwys te gee.

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

Die onderwyser en nie iemand van buite af nie moet godsdiensonderwys gee. Hierdie onderwys verskil van die onderwys in ander leervakke. Hier moet die stof die gedrag van die kind beïnvloed-die godsdiens moet in handeling en gedrag geopenbaar word. Die saak is dat baie min onderwysers gevind word, wat hierdie gedragsinvloed in die oog hou. Die moeilikheid is om geskikte onderwysers te kry, wat die vak lief het en met oortuiging werk. Elkeen het ook sy eie oortuiging (1). Die ondervinding het geleer dat daar skynbaar baie min invloed op leerlinge in die skool in godsdiensonderwys uitgeoefen word. Daar is te min godsdienskennis, godsdiensgesindheid. Dit regverdig nie die tyd en die moeite wat daaraan bestee word nie. Godsdiensonderwys behoort op skool sy regmatige plek in te neem, want die „hele kind" word skool toe gestuur en die skool neem al hoe meer die „hele leerling" in beslag. Godsdiens is ook 'n deel van die kultuur wat die skool bemiddel (2).

Sover as wat die mensheid totnogtoe ontwikkel het, leef dit werklik asof godsdiens en godsdienskennis die enigste werklike en effektiewe sosiale kontrole is. Dit gee die mens 'n houvas op die toekomsideale. Die lande wat godsdiensonderwys afgeskaf het, het dit suur bekom, want godsdiens is die kern van die mens, Cilliè besef die moeilikhede i.v.m. godsdiensonderwys en ook dat daar verskillende dogmas en gelowe is. Volgens

(1) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.
Whitehead, A.N. : Science and the Modern World, bls. 224-239.

(2) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

Suid-Afrikaanse opvoeding behoort godsdiensonderwys op die leerplan 'n ereplaas in te neem met die Bybel as grondslag (1).

Die onderwyser leer die kind Bybelgeskiedenis om die kind 'n beter begrip van die godsdiens te gee. Hy leer die kind vaderlandse geskiedenis omdat die opvoedeling 'n idee van die volk moet kry. Die geskiedenis beteken die ontwikkeling van die nasie. Die kind moet oorsake in die hedendaagse omstandighede weet - oorsaak en gevolg (2).

(vi) Daar is 'n skool van pedagoë wat sê dat opvoeders nie geskiedenis op die elementêre skool moet doseer nie. Rousseau is ook die mening toegedaan. Hierdie skool van pedagoë sê dat die kind die dinge nie kan verstaan nie. Hy dink net vir oomblik en steur hom nie aan die toekoms nie. Rousseau laat Emil bv. geskiedenis in hospitale en gekhuise begin leer. Die skool van pedagoë sê dat kinders in die elementêre skool net verwarde begrippe omtrent dinge kry (3).

Ander opvoedkundiges beweer weer dat geskiedenis die vernaamste vak is. Hulle sê die einddoel is vaderlandsliefde en derhalwe moet die opvoedeling geskiedenis leer. Vaderlandsliefde moet by die grond begin. Die kinders moet geleer word om die grond lief te hê. Die onderwyser moet die kind leer dat sy vaderland heilige grond is en dit as die „mater ipsissima" beskou.

(1) Bosman, A.J. : Notas van Cillié 1931.
(2) Die Unie 1/1/23 bls. 171. Artikel van Cillié.
(3) Ibid.

Dit moet hy leer by die geskiedenis sowel as by die natuurwetenskap. Alles kom uit die grond en begin daar (1).

Volgens Cilliè moet in die elementêre skool net die vaderlandse geskiedenis onderrig word plus buitelandse geskiedenis, as dit die eie geskiedenis raak. Die geskiedenis moet by die eie omgewing begin. Tegelykertyd word die geografie bygebring. Cilliè sê geskiedenisonderrig is noodsaaklik, want dit leer die mens aangaande die menslike verhoudinge. As die verhoudinge goed is, is daar vrede, as dit anders is, is daar onvrede (2).

Herodotus het ook in sy gesigskring gebring wat genoem word burgerkunde. Die kind moet aangaande die instellings leer, bv. die munisipaliteit, skoolrade, kerkrade, belastings, regering. Dit kan tot Chauvinisme, jingoïsme lei - „my land bo alles." „Britannia Rules the Waves" - „Deutschland über alles." Hy het ook ingebring die sosiologie - die wetenskap wat handel oor die sosiale verhoudinge tussen mense en gemeenskappe.

Herbert Spencer sê in sy boek „Education" dat die geskiedenis niks is nie. Geskiedenis moet aangaande die menslike relasies leer, anders het dit geen nut nie (3).

Volgens Cilliè moet die onderwyser wanneer hy sy vaderlandse geskiedenis doseer, dit nie verwater nie maar reguit praat sonder om opsetlik

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Die Unie 1/1/23 bls. 171.

(3) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.
Spencer, H. : Education bls. 71.

aanstoot te gee of politieke propaganda te maak. By die geskiedenis moet die kinders die biografie inneem, wat gebruik moet word om die opvoedeling te inspireer. Dit moet nie net 'n apologie wees nie (1).

Die filosofie van Suid-Afrika se geskiedenis is dat die Europese beskawing hom sal handhaaf. Die kind moet leer hoe sy nasie ontstaan het en waarvandaan die twee verskillende elemente kom. Die kind se vaderlandsliefde moet by die geskiedenis sowel as by die natuurwetenskap verskerp word (2).

(vii) Die opvoeder leer die natuur ken om by die kind 'n intelligente belangstelling in die dinge rondom hom op te wek. Die kind moet in die natuur ingelei word omdat hy daar alles vir sy materiële en geestelike lewe kry. Deur die natuurkennis word die kind in 'n intelligente verhouding tot sy omgewing geplaas. Dit leer die kind om waarneming en geduld uit te oefen. Dit gee hom sedelike, liggaamlike en intellektuele oefening. Dit leer hom om alle gegewens eers in te samel voordat hy 'n gevolgtrekking maak. Dit gee inhoud - nuttige of bruikbare kennis soveel as hy daarvan kan dra (3). Die manier wat onderwysers nou het om die natuurstudie in die hoër klasse te laat uitloop op die studie van een enkele vak soos Skeikunde, Plantkunde of Fisika is heeltemal af te keur (4).

(1). Spencer, H. : Education bls. 71.

(2) Loubser, J.S. ; Notas van Cilliè 1921.

(3) Die Unie 1/7/26 bls. 2. Artikel van Cilliè.
" " 1/8/34 bls. 73. " " "

(4) Die Unie 1/3/26 bls. 240. " " "

In plaas dat die opvoeder die kind na die natuur neem, bring hy die natuur na hom, bv. die laboratorium-metode.

(viii) Daar moet gesorg word dat die kind gesond is as die onderwyser hom vir die lewe wil opvoed, as hy in 'n intelligente verhouding tot sy omgewing wil staan. Hy moet weet hoe om gesond te bly. Hy moet die wilskrag en die energie hê om die kennis wat hy het, in beoefening te bring. Een van die eerste vereistes op die leerplan moet dus wees dat daar voorsiening vir liggaamsoefeninge en vir die aanleer van die eerste beginsels van die gesondheidsleer gemaak word (1).

(ix) Wanneer die kind liggaamlik en geestelik gesond is, sal hy sogenaamde praktiese vakke, soos handwerk, houtbewerking, naaldwerk en kookkuns, huishoudkunde en landbou kan beoefen, wat noodsaaklik op die elementêre leerplan moet wees (2). Hierdie laasgenoemde praktiese vakke staan so 'n bietjie weg van die sogenaamde intelleklualistiese onderwerpe. Dit is absoluut noodsaaklik dat die hand wetenskaplik ontwikkel word.

(x) Die hoofdoel van teken, bv. is esteties. Estetika het 'n groot invloed op die karakter wat die kind in 'n goeie verhouding tot die samelewing plaas (3).

(1) Die Unie 1/5/21 bls. 296. Artikel van Cilliė.

(2) Die Unie 1/3/26 bls. 240. " " "
Bosman, A.J. : Notas van Cillie 1931.

(3) Die Unie 1/2/40 bls. 246. Artikel van Cilliė.

(xi) Die leerplan moet voorsiening maak vir die geleenthede, om die leerlinge op te lei vir die sosiale pligte wat hulle naderhand sal moet verrig. Die opvoeder wil dus in die leerplan sien of in die toepassing daarvan dat daar meer aan die sosiale verhoudinge in die samelewing gedaan sal word. Geskiedenis, literatuur, aardrykskunde en godsdiensonderwys bied hiervoor genoeg geleentheid as daar nie sóveel gejaag word nie. Daar behoort ook op die leerplan ruimte vir burgerkunde, ekonomie en estetiese onderwys te wees (1).

(xii) Vakopleiding in die primêre skool is nie wenslik en onder gewone omstandighede ook nie moontlik nie (2).

(xiii) Cilliè se eerlike oortuiging is dat die leervakke van die laerskool goed gekies is en dat hier wat die leerstof betref, nie veel hoef verander te word nie. Waar hervorming nodig is, is in die hoeveelheid leerstof wat aangebied word. Uit die oneindige hoeveelheid leerstof moet dit gekies word, wat betekenis het en kan hê vir die leerling. Wat hy leer, moet funksioneer. Die vraag is hoe die opvoeder die leerstof van die elementêre skool so sal kies, inrig en aan sy leerlinge aanbied dat dit die ondervindinge verruim en veredel; dat dit ideë sal gee en ideale sal wek; hoe hy sy hele onderwyswerk sal inrig dat die kind se lewensinhoud verryk en veredel sal word; hoe die onderwyser wat die werk moet gaan doen, daarvoor voorberei moet word (3).

(1) Die Unie 1/5/21 bls. 296. Artikel van Cilliè.
(2) Die Unie 1/5/26 bls. 288. " " "
(3) Ibid.

(b) Sekondêr.

(i) Die middelbare skool se leerplan het in afgelope jare baie moeilikheid veroorsaak. Die idee het opgekom dat onderwys demokraties moet ingerig word. 'n Persoon moet onderwys ontvang terwille van sy brein en nie terwille van sy stand nie. Die gevolg was die demokratisering van die middelbare skool, sodat daar nou 'n veranderde aanleg, 'n veranderde belangstelling en 'n veranderde doel is (1).

As gevolg van die veranderde skoolpopulasie moes die leerplan verander word. Aan die begin van die 18de eeu het Latyn sy waarde verloor en Frans het in belangrikheid toegeneem. Van toe af is oor die waarde van Latyn gestry en oor die waarde van die verskillende leervakke. Al die leervakke het in die laaste vyf-en-twintig jaar onder die soeklig gekom. Daar is nie 'n enkele rede wat werklik op wetenskaplike grond berus nie, waarom hierdie of daardie vak genoem moet word nie. Waarom dan Latyn? Daar is mense wat dit wil leer. Die beskawing berus op die Romeinse beskawing. Moderne tale is so baie op Latyn gebou. Die regspraak is op Latyn gefundeer. So word baie redes aangevoer. Wetenskaplik is dit nie bewys dat Latyn oefening vir die brein is nie. Die tradisionele leerplan het klassieke tale, grammatika, matesis en godsdiensonderwys ingesluit. Later eers het die moderne tale bygekom. Hierdie leerplan is gelukkig al vandag verouderd en in plaas daarvan kom nou die praktiese leervakke in

(1) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

die skool. Daar is verskeie redes hiervoor, nl. leerlinge moet 'n wye keuse hê omdat hulle in aanleg en belangstelling verskil; die geleerdheid moet markwaarde hê (1).

In baie gevalle dink leerlinge nooit aan praktyk en aanleg nie maar hulle kies die een vak bo die ander omdat dit volgens hulle die maklikste is. Dit is dus die probleem van die keusevakke. Net sodra daar 'n poging aangewend word om die skoolvakke te probeer analiseer, kom daar moeilikhede. Die skoolvakke word geleer van die standpunt van die kennis wat verwerf word, gewoontes wat aangekweek word, kundighede en ideale. As 'n leervak nie aan voorgenoemde vereistes voldoen nie, is dit nie die moeite werd om dit te leer nie (2).

Die eerste persoon wat aandag aan die relatiewe waarde van vakke gegee het, was H. Spencer. Baie persone beweer dat die vakke soos hulle vroeër vasgestel was, gehou moet word. 'n Ander standpunt is dat die vakke wat praktiese waarde het, bestudeer moet word.

(ii) Volgens Cilliė kan die vakke as volg vir hul relatiewe waarde getoets word:

Dit moet betekenis vir die lewe nou en die lewe ná die skool hê - dit is die pedagogiek van belangstelling. Sommige lê meer betekenis op nou en ander weer op ná.

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.
(2) Bosman, A.J. : " " " 1931.

Die leerling moet dit nêrens anders beter kan leer nie. Daar is mense wat meen dat elke ding wat geleer word onder 'n wetenskaplike deskundige geleer moet word. Dit is daarom dat mense meen dat kookkuns bv. in die skool geleer moet word (1). 'n Sekere mate van kennis van godsdiens is absoluut noodsaaklik maar moet die skool of ander liggame dit onderrig? So gaan dit ook met seksonderwys. Sommige meen dat seksonderwys absoluut noodsaaklik is omdat in baie of die meeste gevalle die ouers aan kinders niks meedeel nie. Aan die ander kant sê ander weer dat die kinders in die skool nie homogeen is nie en elkeen moet as indiwidu bereik word. Cilliė weet nie wat die reaksie van seksonderwys op kinders kan wees nie. Hy weet ook nie wanneer kinders eintlik ryp daarvoor is nie (2).

Die leerstof moet die belangstelling van die leerlinge wek. Die kind moet uit die aard van die saak belangstel. Die Montessori-skole drywe hierdie punt betreklik ver. Gaan die kind in die lewe net dinge doen, waarin hy belangstel? Kinders moet geleer word om dinge teen hul sin te doen. Die vraag van metode kom dus hier by - allerlei bykomende dinge speel hier 'n rol, soos bv. persoonlikheid, omgewing (3).

Die leerstof moet by die kinders gewoontes aankweek, ideale wek, wat in die lewe sal funksioneer. Baie leerlinge kies die verkeerde vakke. Die kinders kan natuurlik nie almal self

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(2) Bosman, A.J. : " " " 1931.

(3) Ibid.

volgens die voorgemelde criteria kies nie, derhalwe moet die onderwyser hulle help. Die onderwyser wil natuurlik die kinders daardie vakke laat kies waarin hulle die minste sal sak, afgesien van die feit dat die kinders miskien nie belang daarin sal stel nie (1).

Het een leervak nou meer waarde wat betref die aankweek van gewoontes as die ander? Die vernaamste criteria vir 'n leervak is kennis, dan gewoontes, kundighede en ideale (2). Daar is geen bewys dat een vak beter oordra as 'n ander nie; alles berus op sentiment en oorerwing (3).

(iii) Dit is baie moeilik om te bepaal watter leerstof die beste op die sekondêre leerplan sou wees. Die vraag of Latyn, matesis en Grieks en al die ander 25 of 30 leervakke op die rooster moet wees, wil Cilliè nie beantwoord nie (4). Hy beweer dat die middelbare skool die kinders vir die een of die ander beroep moet voorberei. Daar moet baie meer aandag gegee word aan die uitsoek van die leerstof, aan die rangskikking daarvan en aan die manier waarop dit die kind se eiendom gemaak kan word (5).

Om bv. 15 of 18-jarige seuns en meisies 'n boek te laat lees, soos "Reg bo Reg" en dan vir hulle daarop 'n eksamen te gee, behoort beskou te word as strafbaar met die breekwater. Die lees van so 'n boek en die intensiewe studie daarvan gee vir enige intelligente kind vir sy lewe lank 'n afkeer in die drama. So staan dit ook met ander

(1) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.
(2) Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde bls. 338.
Davis, V. : Psychology of Learning, bls. 252.
(3) Bosman A.J. : Notas van Cilliè 1931.
(4) Die Unie 1/5/21 bls. 296. Artikel van Cilliè.
(5) Sandiford, P. : Educational Psychology bls. 481.
Davis, V. : Psychology of Learning bls. 339.
Die Unie Julie 1929-Julie 1930 bls. 105.
Artikel van Cilliè.

vakke. Die leervakke, die leerstof en die leermetode moet betrekking op die lewe en die besigheid buite die skool hê. Die kinders sien nie die verband tussen wat op die skool geleer word en wat hulle in die lewe moet doen nie. Die onderwyser leer te veel vir die skool en nie vir die lewe nie (1).

Die slotsom waartoe Cillié kom, is dat die opvoeder genoeg op die sillabusse het om van te kies. Die moeilikheid is hoe hy moet kies. Hy kan alleen die leerlinge help om reg te kies as hy baie meer van hulle weet. Die leerstof moet hersien word. Die onderwyser kan Latyn onderwys, sodat dit vir die boer selfs meer praktiese waarde as landbou het, Hier moet hy sorg vir wat die Amerikaners die „Human Contacts" noem. Alles moet betrekking hê op en in verband gebring word met die lewe (2).

Cillié glo dat vir die geleerde beroepe sulke dinge soos matesis, Latyn, Grieks, vreemde tale en die intensiewe studie van die natuurwetenskappe noodsaaklik is. Die oogmerk van sodanige studie behoort te wees om die wetenskappe veral in hul praktiese toepassing te help bevorder (3).

Cillié glo dat opvoeding sonder wiskunde heeltemal moontlik is maar hy is bevrees dat die onderwerp op die skole sal verwaarloos word vandat dit nou nie meer 'n verpligte vak is as iemand die universiteit wil besoek nie. Meer as

(1) Die Unie Junie 1929 en Julie 1930 bls. 105. Artikel van Cillié.

(2) Die Unie Julie 1929 en Julie 1930 bls. 105. Artikel van Cillié.

(3) Die Unie 1/3/26 bls. 240.

een student vir wie die soort opvoeding vir sy verstandelike ontwikkeling en vir sy latere loopbaan die beste en die onmisbaarste is, sal dit miskien nou nie meer kan kry nie (1).

Cilliė gevoel dat iemand wat nie Grieks studeer nie, oneindig veel mis daar dit een van die mooiste tale is. Dit is die begin van wêreldse wysheid. Latyn moet ook nie as skoolvak afgeskaf word nie omdat dit so 'n uitstekende middel is om logies en eksakt te leer dink (2). Die klassieke moet op die leerplan bly, want die studie daarvan gee die leerling krag; laat hom groei. Die kind leer tale omdat die vernaamste verskynsel waarmee die mens te doen het, die mens is. Dit is die man wat weet hoe om met ander mense te werk, wat suksesvol is en nie die mens wat die meeste weet nie. Die opvoedeling moet die mens in sy doen en late in die letterkunde en die filosofie bestudeer. As dit nou die geval is met letterkunde, is dit ook die geval met klassieke tale. Die uitgangspunt van alle onderwys in die verlede was taalonderwys (3).

(iv) In die Renaissance-periode is die klassieke vir hul praktiese waarde bestudeer. Die toegang tot alles wat wetenswaardig was, was deur Latyn en Grieks. Die klassieke was die instrumente vir geleerdheid, die middel van geestelike verkeer, van uitdrukking. Later het die ander tale

(1) Die Unie 1/4/30 bls. 252. Artikel van Cilliė.

(2) Die Unie Jan. - Feb. 1908 bls. 242. Artikel van Cilliė.

(3) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

bygekom en die noodsaaklikheid van die studie van die klassieke is nie so erf gevoel nie; nogtans is Latyn die beste tot die verskaffing van geestelike gimnastiek beskou as 'n middel van uitdrukking (1).

(v) Die Nuwe Humanisme onder invloed van Lessing, Schiller en Goethe het ontstaan. Hulle het gesê dat, as die nadruk op die menslike sy van die lewe gelê word, die opvoedeling die letterkunde moet bestudeer en hiervoor is die klassieke 'n uitstekende middel. Cilliė mis in die Afrikaanse letterkunde die klassieke bevrugting. Onderwysers is los-vas in die gebruik van beskrywende woorde. Dit is omdat hulle nie in die klassieke genoeg onderleg is nie (2).

Op die skole moet daar voorsiening vir die studie van die ou tale wees omdat dit vir sommige die beste geestelike voedsel is, omdat die moderne beskawing nog altyd meer mense nodig sal hê om die klassieke oudheid vir hulle te vertolk. Die ou tale moet bestudeer word omdat hulle die moderne letterkunde kan en moet vrugbaar maak (3).

(vi) Tot die middel van die 18de eeu het mense geredeneer dat as die verstand deur die studie van matesis verskerp word, die verskerpte verstand op ander vakke ook toegepas kan word, d.w.s. oordraging van bekwaamheid (4).

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(2) Pyle, W.H. : The Psychology of Learning bls. 213.
Die Burger 19/12/18.

(3) Die Unie 1/7/26 bls. 831.

(4) Sandiford, P. : Education Psychology bls. 278.
Mc. Call, W.A. : How to Experiment in Education, bls. 75.

Die moderne psigologie het die ding omver gegooi en beweer dat daar nie so iets as algemene geestelike gimnastiek is nie. Alle geestelike oefening is spesifiek (1).

Die opvoeder moet nie al te seker op laasgenoemde punt wees nie, want daar is tog 'n sekere mate van oordraging (2).

(vii) Nie hoeveel leerstof van 'n sekere vak kan 'n middelbare skool met sy leerlinge behartig nie maar die leerstof-program vir 'n sekere vak moet nie moeiliker en ook nie makliker as die leerstof-program van 'n ander vak wees nie (3).

Nie wat moet die kind weet nie, maar wat kan hy weet moet die fondament vir alle onderwysers wees (4).

7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

(i) In die verlede was die groot vraag hoeveel leerstof die kind moes ken. Die leerstof is benadruk terwyl die kindersiel, die kindergedagtewêreld agterweë gelaat is. Vandag verstaan opvoeders meer van die kind self, sy neigings, selfekspressie en selfwerksaamheid. Die klem val vandag op ideale, gesindhede, karaktervorming, verstandsontwikkeling in plaas van op die aanleer van feite.

(ii) Volgens Cilliè moet daar 'n verband wees tussen die

(1) Sleight, W.G. : Educational Values and Methods bls. 73.
Davis, V. : Psychology of Learning bls. 234 & 245.
Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Empiriese Opvoedkunde bls. 331.

(2) Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde bls. 332 en 403.
Book, W.E. : Economy and Technique of Learning bls. 403.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(3) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(4) Die Unie 1/7/26 bls. 2.

leerstof en die doel wat beoog word, nl. karaktervorming. Wanneer die opvoeder die leerstof aan die opvoedeling meedeel, moet hy terselfdertyd sy karakter ontwikkel.

(iii) Ek onderskrywe prof. J.C. Coetzee se sienswyse in verband met die keuse van die leerstof, nl. dat dit gekies moet word op grond van die eie lewens- en wêreldbeskouing (1). Die inhoud van die Christelike opvoeding word dan ook deur die Christelike lewens- en wêreldbeskouing bepaal, nl. deur die belydenis dat die vernaamste doel van die menslike lewe is om God te ken en Hom te dien. Vir die opvoeder en opvoedeling is daar gevolglik twee soorte leerstof, nl. die godsdienstige en sekulêre vakke. „By die keuse van die leerstof hang dit af wat die eie opvoedingsdoel is" 2).

(iv) Volgens Cilliè is daar 'n verskil van mening onder opvoeders oor watter leerstof die beste vir karaktervorming geskik sou wees. Sommige beweer dat die Geisteswissenschaften," andere beweer dat die natuurwetenskappe die beste vir hierdie doel is. Dit is moeilik om te bepaal watter van voorgenoemde twee die belangrikste, mees fundamentele is. Altwee is absoluut noodsaaklik omdat hoe meer die mens van beide weet hoe meer hy in sy etiese en kulturele lewe kan ontwikkel.

Hoewel opvoeders geen rede het om die een voorkeur bo die ander te gee nie, moet die mens volgens Cilliè die maatstaf van alles wees.

(1) Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde bls. 319.

(2) De Hovre, F. : Paedagogische Wysbegeerte bls. 1.

As die natuurwetenskappe in die regte gesindheid geleer word, kan dit net soveel invloed op karaktervorming as die humanistiese vakke hê. Alles hang van die gesindheid af en dit weer van die persoonlikheid van die onderwyser.

Die moderne pedagoog sê dat, as die onderwyser karakter wil opvoed, hy dit direk moet doen. Die nadruk val op die vraag hoe hy die kind moet leer lewe. As die opvoeder die kind die leerstof leer en hy leer as gevolg van sy kennis nie om beter te lewe nie, het die leerstof vir hom geen waarde nie.

By die keuse van die leerstof word eerste na sedelike vorming gekyk en vakkeuse is heeltemal bysaak: Of die opvoeder in sy doel wat hy beoog, deur die meedeel van die leerstof, sal slaag, hang van die houding af wat die opvoeder teenoor die vak inneem.

(v) By die keuse van die leerstof moet met die psigologiese eis rekening gehou word, d.w.s. die leerstof moet hom rig en aanpas by die trap van ontwikkeling, aanleg, neigings, behoeftes, belangstelling en die vatbaarheid van die kindersiel.

Die leerstof moet ook rekening met die logiese ordening en rangskikking van die leerstof hou. Dit is nodig dat die leervakke, d.w.s. die sogenaamde wetenskappe, kunste en vaardighede logies gerangskik sal wees, sodat die mens sy kennis en ervaring op 'n logiese wyse kan opdoen.

(vi) „By die keuse van die leerstof moet daar ook die nodige onderliggende samehang en korrelasie tussen die leervakke wees, wanneer daar rekening met die onderlinge verband van alle menslike kennis en ervaring gehou word.

(vii) Met die mens as sosiale wese, nieteenstaande hy ook 'n indiwidu is, moet by die keuse van die leerstof rekening gehou word. Aan hierdie vereiste beantwoord, bv. sulke vakke soos vaderlandse geskiedenis, die moedertaal, die nasionale kultuur ens.

(viii) Nieteenstaande voorgenoemde vereistes by die keuse van die leerstof, is daar verskil van mening by opvoeders oor die kwessie van watter leerstof die essensiële of nie-essensiële, die belangrikste op die skoolleerplan is. Watter van voorgenoemde twee die belangrikste is, is volgens Cilliè 'n kwessie van nadruk. Die primêre skool het in die laaste jare die nadruk meer op die ontbeerlikhede laat val, met die gevolg dat die onontbeerlikhede in mindere of meerdere mate in die gedrang gekom het. Hiermee was die sekondêre skool met die oog op die eindeksamen nie gediend nie. Die primêre skool het as gevolg van die beklemtoning van die nie-essensiële nader aan die lewe gekom, aangenamer en plesieriger vir die leerlinge geword.

(ix) Nieteenstaande sommige mense baie besware teen godsdiens-onderwys op skool het, stem ek saam met Cilliè dat dit meer beklemtoon moet word en 'n ereplek op die rooster moet inneem. Sedelike onderwys sonder godsdiens en die Bybel as grondslag is 'n mislukking. Daar is te min godsdienskennis, godsdiensgesindheid op skool.

Die onderwyser leer die kind Bybelgeskiedenis om hom 'n beter begrip van die godsdiens te gee. Hy leer die kind vaderlandse geskiedenis omdat die opvoedeling 'n idee van die volk moet kry. Die geskiedenis beteken die ontwikkeling van die nasie.

Ek onderskrywe Cilliė se bewering dat geskiedenis-onderrig noodsaaklik is, want dit leer die mens aangaande die menslike verhoudinge. Sommige opvoedkundiges beweer dat geskiedenis die vernaamste vak is. Die onderwyser moet die kind leer dat sy vaderland heilige grond is, dit moet hy leer by die geskiedenis sowel as by die natuurwetenskap.

(x) Ek stem saam met Cilliė dat wanneer die onderwyser vaderlandse geskiedenis doseer, hy dit nie moet verwater nie maar reguit praat sonder om opsetlik aanstoot te gee of politieke propaganda te maak. Die opvoeder moet die kind leer om belangstelling in die dinge rondom hom te toon. Hy moet in die dinge en natuur ingelei word omdat hy daar alles vir sy materiële en geestelike lewe kry. Deur die natuurkennis word die kind in 'n intelligente verhouding tot sy omgewing geplaas.

(xi) As die kind in 'n intelligente verhouding tot sy omgewing moet wees, moet die kind gesond wees, sodat hy die wilskrag en die energie het om sy kennis in beoefening te bring. Liggaamsoefening en die aanleer van die eerste beginsels van die gesondheidsleer is derhalwe baie noodsaaklik.

Wanneer die kind liggaamlik en geestelik gesond is, sal hy die sogenaamde praktiese vakke wat noodsaaklik op die elementêre leerplan moet wees, kan beoefen.

(xii) Ek onderskrywe Cilliė se sienswyse dat uit die groot hoeveelheid leerstof vir die elementêre skool daardie dinge gekies moet word wat betekenis het en kan hê vir die leerling. Wat hy leer, moet funksioneer.

(xiii) By die opstel van 'n leerplan vir die ~~primêre skool~~ moet die opvoeder met die volgende rekening hou:

(i) Sommige vakke is van weë hul tradisie op die leerplan.

(ii) Die vakke moet 'n kulturele invloed op die kind hê.

(iii) Die leerstof moet die ontwikkeling van die verstand en karaktervorming ten doel hê.

(iv) Die leerplan moet uit 'n nuttigheidsoogpunt opgestel word.

(v) Die leerstof moet hom rig en aanpas by die trap van ontwikkeling, aanleg, neigings, behoeftes, belangstelling en die vatbaarheid van die kindersiel.

(vi) Die leerstof moet ornamentele waarde hê.

(vii) Die leerplan behoort na die eise van die volk en na die eise van die tyd te wees.

(viii) Die opstellers van 'n leerplan moet duidelikheid hê of dit moet opgestel word op die beginsel van „multum sed non multa."

(xiv) Wat die keuse van vakke vir die sekondêre leerplan betref, moet die vakke aan hul betekenis vir die lewe nou en die lewe ná die skool getoets word. Die leerstof moet die belangstelling van die leerlinge wek, gewoontes aankweek, ideale wek, wat in die lewe sal funksioneer. Dit is vir Cillié moeilik om te bepaal watter leervakke die beste op die sekondêre leerplan sou wees; daarenteen wil hy aan die hand doen dat die kinders vir die een of ander beroep moet voorberei word. Daar moet baie meer aandag aan die uitsoek van die leerstof, aan die rangskikking daarvan en aan die manier van hoe dit die kind se eiendom te maak, gegee word. Die leervakke, die leerstof en die leermetode moet betrekking op die lewe en die besigheid buite die skool hê.

Wat vir my onverklaarbaar is, is hoe Latyn volgens Cillié se sienswyse, gedoseer kan word dat

dit vir die boer selfs meer praktiese waarde as landbou kan hê.

Cilliè is 'n voorstander van klassieke tale en ag die studie daarvan noodsaaklik; maar laasgenoemde is alleen van aktuele waarde by die voorbereiding vir en beoefening van sekere beroepe; anders kan die opvoedeling daarsonder klaarkom.

Om matesis 'n verpligte vak vir kinders te maak, wat die universiteit wil gaan besoek, is myns insiens onnodig, aangesien praktiese wetenskaplike vakke soos landbou bv. net so doeltreffend as matesis is.

Die fondament vir alle onderwys moet nie wees hoeveel leerstof van 'n sekere vak 'n middelbare skool met sy leerling kan behartig nie, maar die ewewig tussen die vakke moet bewaar bly.

(xv) By die kiesing en ordening van die leerstof is daar myns insiens dan vir Christelike Opvoeding die godsdienstige en sekulêre vakke van onderwys en opvoeding. Die vernaamste doel van die menslike lewe is om God te ken en te dien en daarom is die religieuse leerstof die vernaamste. Wêreldlike onderwys is ook absoluut noodsaaklik, want dit omvat die skepping van die Allerhoogste.

Die mens is ook met 'n liggaam-siel geskape; daarom moet daar leerstof vir die liggaamlike en geestelike opvoeding wees, wat die verstandelike, die sosiale, die estetiese, die etiese en die liggaamlike opvoeding insluit.

Die onderwyser kan by die keuse van die leerstof sy taak vergemaklik deur uit te gaan van die verhoudinge waartoe die mens tot God, tot homself tot sy medemens en tot die natuur staan.

Wat die ordening van die leerstof op die

leerplan betref, sal die religieuse onderwys vir die Christelike opvoedkundige die belangrikste wees. Om die religieuse leerstof aan te vul, sal vervolgens die taal en die geskiedenis van die mens aan die beurt kom, d.w.s. die moedertaal maar ook ander tale, vaderlandse geskiedenis en algemene geskiedenis. Die volgende op die leerplan sal wees natuurkennis waarby die wiskundige 'n noue aansluiting vorm. Verder sal al die vaardighede en kunste soos al die vorme van kunsvaardigheid, liggaamsvaardigheid, handearbeid en liggaamsoefening onderrig moet word.

By die onderrig van die religieuse sowel as die wêreldlike leerstof sal die opvoeder beoog om God te ken en Hom daarmee te dien.

Vandag deel opvoedkundiges die leerstof meesal op drie maniere in, nl. (a) die tradisionele metode van indeling wat die bekende manier is, en in die meeste skole bestaan; (b) die sogenaamde modern wetenskaplike metode van indeling, waarby die kind meer as die vak wat hy leer, beklemtoon word; (c) die moderne metode waardeur kinderbelangstelling, kinderaktiwiteit en die aanpassing van die opvoeding aan die werklike lewe, beklemtoon word.